

GARMIN®

zūmo® 595



Gebruikershandleiding

© 2016 Garmin Bpk. of filiale

Alle regte voorbehou. Ingevolge kopieregwetgewing mag hierdie handleiding nie sonder die skriftelike toestemming deur Garmin gekopieer word nie, hetsy in die geheel of gedeeltelik. Garmin behou die reg voor om sy produkte te verander of te verbeter en om veranderinge aan die inhoud van hierdie handleiding te maak sonder 'n verpligting om enige persoon of organisasie in kennis te stel van sulke veranderinge of verbeteringe. Besoek www.garmin.com vir huidige bywerkings en aanvullende inligting rakende die gebruik van hierdie produk.

ANT[®], ANT+[®], Garmin[®], die Garmin-logo, TracBack[®], VIRB[®] en zūmo[®] is handelsmerke van Garmin Ltd. of sy filiaalmaatskappye, geregistreer in die VSA of ander lande. myGarmin[™] en myTrends[™] is handelsmerke van Garmin Ltd. of sy filiaalmaatskappye. Hierdie handelsmerke mag nie sonder Garmin se uitdruklike toestemming gebruik word nie.

Die Bluetooth[®] woordmerk en logo's behoort aan Bluetooth SIG, Inc., en enige gebruik van sulke merke deur Garmin is onder lisensie. microSD[™] is 'n handelsmerk van SD-3C. Windows[®] is 'n geregistreerde handelsmerk van Microsoft Corporation in die Verenigde State en/of ander lande. Mac[®] is 'n handelsmerk van Apple Computer, Inc. PANDORA[®], die Pandora-logo, en die Pandora-handelsinkleding is handelsmerke of geregistreerde handelsmerke van Pandora Media, Inc. Met toestemming gebruik. SPOTIFY[®] en die Spotify-logo tel onder die geregistreerde handelsmerke van Spotify AB. Versoenbare, mobiele digitale toestelle en premiumintekening word vereis, waar beskikbaar. Besoek www.garmin.com. Hierdie produk sluit Spotify-sagteware in wat onderhewig is aan derdepartylisensies, wat hier beskikbaar is: www.spotify.com/connect/third-party-licenses. Skep met Spotify 'n klankbaan vir elke reis. Speel liedjies of kunstenaars waaroor jy gek is, of laat Spotify toe om jou te vermaak.

Hierdie produk is ANT+[®] gesertifiseer. Besoek www.thisisant.com/directory vir 'n lys versoenbare produkte en toepassings.

Inhoudsopgawe

Installasie	1	Nagaan van Brandstof.....	9
Montering van jou toestel op 'n motorfiets.....	1	Ontspers tans Nagaan van Brandstof.....	9
Aangedrewe Motorfietsmontering.....	1	Stel tans 'n lae brandstof-waarskuwing.....	9
Installeer van die handvatselbasis.....	1	Herstel van die Brandstoffenkafstand.....	9
Aanheg van die Basisplaat aan die Motorfietsmontering.....	1	Ontspers Dinamiese brandstofpunte.....	9
Vassit van die basisplaat aan die handvatselbasis.....	1	Vind en Berg Liggings	9
Installasie van Jou Toestel in die Motorfietsmontering.....	2	Vind van 'n ligging met gebruik van soekbalk.....	9
Verwydering van jou toestel uit die motorfietsmontering.....	2	Bekyk Soekresultate op die Kaart.....	9
Monteer van Jou Toestel in 'n Motorvoertuig.....	2	Wysig die Soekgebied.....	10
Spring weg	2	Belangepunte.....	10
Toesteloorsig.....	2	Vind van 'n Ligging volgens Kategorie.....	10
Installering van die battery.....	3	Soek binne 'n kategorie.....	10
Produkbywerkings.....	3	Navegeer na Belangepunte Binne 'n Plek.....	10
Bywerking van Kaarte en Sageware met Garmin.....	3	Foursquare.....	10
Express.....	3	Soeknutsmiddels.....	10
Aan- of Afskakel van die Toestel.....	3	Vind van 'n Adres.....	10
Verkry GPS-seine.....	3	Vind 'n Kruising.....	10
Statusbalk-ikone.....	4	Vind 'n stad.....	10
Gebruik die Op-skerm-knoppies.....	4	Vind 'n Ligging met gebruik van Koördinate.....	11
Verstel tans die volume.....	4	Besigtig Liggings wat Onlangs Gevind is.....	11
Verstelling van Skermhelderheid.....	4	Wis van Lys Liggings wat Onlangs Gevind is.....	11
Vervoermodus.....	4	Vind Jou Laaste Parkeerplek.....	11
Kies tans 'n vervoermodus.....	4	Sien die Huidige Ligginginligting.....	11
Met gebruik van die Op-skerm Toetsbord.....	4	Vind Nooddienste en Brandstof.....	11
Gebruik van die Grootknop-toetsbord.....	4	Kry Aanwysings na jou Huidige Ligging.....	11
Ryerbewustheidskenmerke en -waarskuwings	4	Byvoeging van 'n Kortpad.....	11
Ontspers of Versper van Ryerwaarskuwings.....	5	Verwydering van 'n kortpad.....	11
Rooilig- en Spoedkameras.....	5	Berg Liggings.....	11
Besigtig Kennisgewings vir die Valhelmwet.....	5	Berg 'n Ligging.....	11
Soek na Valhelmwette.....	5	Berg Jou Huidige Ligging.....	11
Navegeer na Jou Bestemming	5	Wysiging van 'n Gebergde Ligging.....	11
Roetes.....	5	Toeken van Kategorieë aan 'n Gebergde Ligging.....	11
Begin 'n Roete.....	5	Skraps van 'n Gebergde Ligging.....	11
Verander die Roeteberekeningsmodus.....	5	Deel van 'n Gebergde Ligging.....	12
Neem 'n Roete Wat Avontuurlustige Paaie gebruik.....	5	Gebruik van die kaart	12
Skep 'n roete vir 'n heen-en-weer-rit.....	5	Kaartnutsmiddels.....	12
Gebruik die Kaart om 'n Roete te Begin.....	6	Besigtig 'n Kaartnutsmiddel.....	12
Gaan Huis toe.....	6	Ontspers Kaartnutsmiddels.....	12
Jou Roete op die Kaart.....	6	Vorentoe.....	12
Aktiewe baanleiding.....	6	Besigtig Opkomende Liggings.....	12
Bekyk Draaie en Aanwysings.....	6	Verpersoonliking van die Vorentoe-kategorieë.....	12
Besigtiging van die Volledige Roete op die Kaart.....	6	Ritinligting.....	12
Byvoeg van 'n Ligging op Jou Roete.....	6	Besigtig Ritdata vanaf die Kaart.....	12
Vorm Jou Roete.....	7	Besigtig die ritinligtingblad.....	13
Gebruik 'n Ompad.....	7	Besigtig die Ritlog.....	13
Stop Tans die Roete.....	7	Herstel van ritinligting.....	13
Ritbeplanner.....	7	Besigtig Opkomende Verkeer.....	13
Beplan 'n Rit.....	7	Besigtig Verkeer op die Kaart.....	13
Navegeer na 'n Gebergde Rit.....	7	Soek vir Verkeersvoorvalle.....	13
Optimaliseer die Bestemmingsvolgorde op 'n Rit.....	7	Verpersoonliking van die Kaart.....	13
Wysig en Herorden Liggings in 'n Rit.....	7	Verpersoonliking van die Kaartlae.....	13
Wysig en Berg Jou Aktiewe Roete.....	7	Verander die Kaartdataveld.....	13
Verander Roete-opsies vir 'n Rit.....	7	Verander die kaartperspektief.....	13
Skeduleer 'n Rit.....	7	Bluetooth Verbindingsfunksies	13
Deel Ritte.....	8	Bluetooth Funksievereistes.....	13
Gebruik Voorgestelde Roetes.....	8	Paar jou Foon en Kopstuk.....	14
Vermey Verdragings, Tolgeld en Gebiede.....	8	Bluetooth Kenmerkstatusikone.....	14
Vermey Verkeersverdragings op Jou Roete.....	8	Stel van Bluetooth se Kenmerke vir Jou Toestel van Apple.....	14
Vermey Tolpaaie.....	8	Verbind aan die Smartphone Link-toepassing op Jou Toestel van Apple.....	14
Vermey tolplakkers.....	8	Versper Vryhandoproepe vir Jou Toestel van Apple.....	14
Vermey Padkenmerke.....	8	Versper Smartphone Link-data en Slimkennisgewings vir Jou Toestel van Apple.....	14
Selfgekoose Vermeydings.....	8	Stel van Bluetooth se Kenmerke vir Jou Slimfoon van Android™.....	14
Navegeer Veldlangs.....	9		

Verbind aan die Smartphone Link-toepassing op Jou		Ontspers kaarte	20
Android-slimfoon	14	Navigasie-instellings	20
Versper Kenmerke van Bluetooth vir Jou Slimfoon met		Berekeningsmodusinstellings	21
Android	15	Stel 'n Nagebootste Ligging in	21
Ontspers van Versper Bluetooth Kenmerke vir Jou Kopstuk	15	Bluetooth Instellings	21
Smartphone Link	15	Versper tans Bluetooth	21
Laai Smartphone Link af	15	Vertooninstellings	21
Stuur 'n Ligging vanaf jou Foon na jou Toestel	15	Verkeersinstellings	21
Garmin Regstreekse Dienste	15	Eenhede en tydinellings	21
Teken in op Garmin Regstreekse Dienste	15	Instel van die Tyd	21
Slimkennisgewings	15	Taal- en Toetsbordinstellings	21
Ontvang Kennisgewings	15	Nabyheidwaarskuwing-instellings	21
Besigtig die Lys Kennisgewings	16	Toestel- en privaatheidsinstellings	21
Vryhand-oproepdoen	16	Herstel van Instellings	21
Maak van 'n Oproep	16	Toestelinligting	22
Ontvang van 'n Oproep	16	Spesifikasies	22
Gebruik die Oproepgeskiedenis	16	Laai van die toestel	22
Gebruik In-oproep-opsies	16	Toestelonderhoud	22
Berg 'n Huisfoonnommer	16	Toestelsorg	22
Ontkoppel tans 'n Bluetooth toestel	17	Skoonmaak van die Buitenste Omhulsel	22
Skrap 'n gepaarde foon	17	Skoonmaak van die aanraakskerm	22
Verkeer	17	Vermidding van diefstal	22
Ontvang Verkeersdata Met Gebruik Van Smartphone Link	17	Herstel van die toestel	22
Ontspers van Verkeer	17	Verwydering van die Toestel, Montering en Suigdoopie	22
Gebruik van die Toepassings	17	Verwydering van die Toestel uit die Monteerstuk	22
Opstel van LiveTrack-deling, en Uitnoui van Kykers	17	Verwyder die Montering van die Suigdoopie	22
Begin 'n LiveTrack sessie op jou foon	17	Verwydering van die Suigdoopie vanaf die Windkerm	22
Mediaspeler	17	Verander die smeltdraadje in die voertuigkragkabel	22
Speel Media	17	Foutopsoring	23
Voeg die Mediaspelernutsmiddel by die Kaart	17	Die suigdoop wil nie op die windkerm bly nie	23
Verander die Mediabron	17	My toestel verkry nie satellietseine nie	23
Pandora Diens	17	Die toestel laai nie in my voertuig nie	23
Spotify	18	My battery bly nie vir baie lank gelaai nie	23
Spore	18	My toestel verskyn nie as 'n verwyderbare aandrywer op my	
Besigtig spoorinligting	18	rekenaar nie	23
TracBack®	18	My toestel verskyn nie as 'n draagbare toestel op my rekenaar	
Volg van jou onlangse spoor	18	nie	23
Berg jou onlangse spoor as 'n rit	18	My toestel verskyn nie as óf 'n draagbare toestel óf 'n	
Banddruk	18	verwyderbare skyf of volume op my rekenaar nie	23
Opstel van die banddruksensors	18	My foon wil nie aan die toestel verbind nie	23
Installasie van die sensors op jou bande	19	Bylaag	23
Banddruk-waarskuwings	19	Installasie van 'n Geheuekaart vir Kaarte en Data	23
Banddruksensor-slaapmodus	19	Databestuur	23
Gebruik die kompas	19	Omtrent geheuekaarte	23
VIRB® Afstandbeheer	19	Verbind die Toestel aan Jou Rekenaar	23
Beheer van 'n VIRB Aksiekamera	19	Oordra van Data vanaf Jou Rekenaar	24
Logdiensgeskiedenis	19	Besigtig GPS-seinstatus	24
Voeg tans dienskatégorieë by	19	Die Aankoop van Bykomende Kaarte	24
Skrap tans dienskatégorieë	19	Aankoop van Bybehore	24
Herbenoem tans dienskatégorieë	19	Indeks	25
Skrap tans diensrekords	19		
Wysig tans 'n diensrekord	19		
Besigtig Hulplêers	20		
Soek Hulponderwerpe	20		
Sien die weervoorspelling	20		
Sien Weer Naby 'n Ander Stad	20		
Besigtig die weerradar	20		
Besigtig weerwaarskuwings	20		
Nagaan van padtoestande	20		
photoLive-verkeerskameras	20		
Berg 'n verkeerskamera	20		
Besigtig 'n Verkeerskamera	20		
Besigtig Vorige Roetes en Bestemmings	20		
Verpersoonliking van die Toestel	20		
Kaart- en Voertuiginellings	20		

Installasie

Montering van jou toestel op 'n motorfiets

Aangedrewe Motorfietsmontering

⚠ WAARSKUWING

Garmin® beveel ten sterkste aan dat 'n ervare installeerder met die nodige kennis van elektriese stelsels, die toestel installeer. Verkeerde bedrading van die kragkabel kan tot skade aan die voertuig of die battery lei en kan liggaamlike besering tot gevolg hê.


Sien die *Belangrike Veiligheids- en Produkinligting*-gids in die produkhouer vir produkwaarskuwings en ander belangrike inligting.

Die toestel moet op 'n geskikte en veilige ligging op jou motorfiets gemonteer word, op grond van beskikbare kragbronne en veilige kabelroetes.



①	Motorfietswiegie
②	12 tot 24 VDC-stelselkrag (rooi) met inlynsmeltdraad
③	Stelselaardsluiting (swart)

Motorfietsmontering-bedradingharnas




①	USB
②	12 tot 24 VDC-stelselkrag (rooi) met gelid-smeltdraad
③	Stelselaardsluiting (swart)
④	2.5 mm-mikrofoon
⑤	3.5 mm stereo-udio, afvoer
⑥	3.5 mm stereo-udio, toevoer

Installeer van die handvatselbasis

Die toestel sluit dele vir twee handvatsel-installasie-oplossings in. Pasgemaakte monterings kan moontlik bykomende hardeware vereis.

Installasie van die U-bout en handvatselbasis

- Plaas die U-bout ① rondom die handvatsel ②, en steek die punte deur die handvatselbasis ③.




- Draai die moere vas om die basis vas te sit.

LET WEL: Die aanbevole wringkrag is 50 lbf-dm (5.65 N-m). Moenie wringkrag van 80 lbf-dm (9.04 N-m) oorskry nie.

Installasie van die handvatselbasis op die koppelaarklamp- of remklamparms

- Verwyder die twee fabrieksboutte op jou koppelaarklamp- of remklamparm ①.



LET WEL: Beide 1/4 dm standaard- en M6-boute is ingesluit. Pas die grootte van die fabrieksboutte by jou koppelaarklamp- of remklamparm.


- Draai die nuwe boutte ② deur die handvatselbasis, spasieerders ③, en koppelaarklamp- of remklamparm.
- Draai die boutte vas om die basis vas te sit.

Aanheg van die Basisplaat aan die Motorfietsmontering

KENNISGEWING

Direkte, volgehoue kontak met die basisplaat of enige deel van die motorfiets kan mettertyd die montering beskadig. Om hierdie soort skade te voorkom, moet jy die monteringspasieerders tussen die montering en die basisplaat plaas en seker maak dat geen deel van die toestel of montering aan die motorfiets raak nie.

- Steek die M4 x 20 mm pankopskroewe ① deur die wasters ②, wiegie, spasieerders ③, en basisplaat ④.



- Draai die moere vas om die basisplaat vas te sit.

Vassit van die basisplaat aan die handvatselbasis

- Brind die bal van die handvatselbasis ① en die bal van die basisplaat ② in lyn met elke kant van die dubbelsokarm ③.



- 2 Plaas elke bal in die dubbelsokarm.
- 3 Draai die knop effens vas.
- 4 Verstel vir optimale aansig en werking.
- 5 Draai die knop stywer om die montering vas te sit.

Installasie van Jou Toestel in die Motorfietsmontering

- 1 Plaas die onderkant van jou toestel in die wiegie.



- 2 Kantel die toestel terug totdat dit in plek klik.
- 3 Indien die knip aan die bokant van die montering op bly nadat jy die toestel insit, druk dit af.

Verwydering van jou toestel uit die motorfietsmontering

- 1 Druk die vrystel-knoppie aan die kant van die montering.
- 2 Lig die toestel uit.

Monteer van Jou Toestel in 'n Motorvoertuig

KENNISGEWING

Voordat die toestel gemonteer word, kontroleer met plaaslike wetgewing rakende windskermmontering.

⚠ WAARSKUWING

Hierdie produk bevat 'n litiumioon-battery. Om die moontlikheid van persoonlike besering of produkskade te voorkom wat veroorsaak word deur die blootstelling van die battery aan uiterste hitte, berg die toestel buite bereik van direkte sonlig.

Moenie die suigdooppiemontering op 'n motorfiets gebruik nie.

Sien die *Belangrike Veiligheids- en Produkinligting*-gids in die produkhouer vir produkwaarskuwings en ander belangrike inligting.

- 1 Prop die motorvoertuigkragkabel ① in by die poort ② op die montering.



- 2 Verwyder die deursigtige plastiek vanaf die suigdoopie ③.
- 3 Maak jou windskerm en die suigdoop met 'n pluivrye stuk materiaal skoon en droog.
- 4 Druk die suigdoopie teen die windskerm, en trek die hefboom ④ terug na die windskerm.
- 5 Knip die wiegie ⑤ op die suigdoopie-arm vas.
- 6 Plaas die onderkant van jou toestel in die wiegie.
- 7 Kantel die toestel terug totdat dit in plek klik.
- 8 Prop die ander kant van die motorvoertuig-krakabel in 'n krakpunt.

Spring weg

⚠ WAARSKUWING

Sien die *Belangrike Veiligheids- en Produkinligting*-gids in die produkhouer vir produkwaarskuwings en ander belangrike inligting.

- Installeer die battery (*Installering van die battery*, bladsy 3).
- Werk die kaarte en sagteware op jou toestel by (*Produkbywerkings*, bladsy 3).
- Monteer die toestel en koppel dit aan die krag (*Installasie*, bladsy 1).
- Paar jou Bluetooth® foon en kopstuk (*Paar jou Foon en Kopstuk*, bladsy 14) (opsioneel).
- Verkry GPS-seine (*Verkry GPS-seine*, bladsy 3).
- Verstel die skerm se helderheid (*Verstelling van Skermhelderheid*, bladsy 4).
- Navigeer na jou bestemming (*Begin 'n Roete*, bladsy 5).

Toesteloorsig



①	Kragtoets
②	Mini-USB krag- en datapoort
③	Batterykompartement met geheuekaartgleuf vir kaarte en data
④	Mikrofoon

Installering van die battery

- 1 Roteer die batterydeksel se D-ring antikloksgewys en verwyder die batterydeksel.



- 2 Vind die litiumioon-battery in die produkhouer.
- 3 Voeg die battery in met sy kabel bo-op.
- 4 Voeg die batterykoppelstuk ① in die batterypoort ② in.



- 5 Maak die batterydeksel toe en maak die batterydeksel se D-ring vas.

Produkbywerkings

Op jou rekenaar, installeer Garmin Express™ (www.garmin.com/express).

Dit verskaf maklike toegang tot hierdie dienste vir Garmin toestelle:

- Sagtewarebywerkings
- Kaartbywerkings
- Produkregistrasie

Bywerking van Kaarte en Sagteware met Garmin Express


Jy kan die Garmin Express toepassing gebruik om die jongste kaart- en sagtewarebywerkings vir jou toestel af te laai en te installeer.

- 1 Indien jy nie die Garmin Express toepassing geïnstalleer het op jou rekenaar nie, gaan na garmin.com/express en volg die instruksies op die skerm om dit te installeer.
- 2 Maak die  Garmin Express toepassing oop.
- 3 Koppel jou toestel aan jou rekenaar deur 'n USB-kabel te gebruik.

Die klein kant van die kabel verbind aan die USB-poort ① op jou zūmo toestel, en die groot kant verbind aan 'n beskikbare USB-poort op jou rekenaar.



- 4 In die Garmin Express toepassing, klik **Voeg 'n Toestel by**. Die Garmin Express toepassing soek na jou toestel en vertoon die toestelnaam en reeksnommer.
- 5 Klik **Voeg Toestel by** en volg die instruksies op die skerm om jou toestel by die Garmin Express toepassing te voeg. Wanneer die opstelling voltooi is, vertoon die Garmin Express toepassing die bywerkings wat vir jou toestel beskikbaar is.



- 6 Kies 'n opsie:
 - Om alle beskikbare bywerkings te installeer, klik **Installeer alles**.
 - Om 'n spesifieke bywerking te installeer, klik **Sien besonderhede** en klik **Installeer** langs die bywerking wat jy soek.

Die Garmin Express toepassing laai die bywerkings af en installeer dit op jou toestel. Kaartbywerkings is baie groot, en hierdie proses kan 'n lang tyd op stadiger internetverbinding neem.

LET WEL: Indien 'n kaartbywerking te groot vir die toestel se interne geheue is, kan die sagteware jou moontlik por om 'n microSD™ kaart in jou toestel te installeer om geheue by te voeg (*Installasie van 'n Geheuekaart vir Kaarte en Data*, bladsy 23).

- 7 Volg die instruksies op die skerm tydens die bywerkingsproses om bywerkings klaar te installeer. Die Garmin Express toepassing kan jou byvoorbeeld tydens die bywerkingsproses versoek om jou toestel te ontkoppel en weer te koppel.

Aan- of Afskakel van die Toestel

- Om die toestel aan te skakel, druk die kragtoets, of koppel die toestel aan 'n kragpunt.
- Om die toestel in kragpaarmodus te plaas, druk die kragtoets terwyl die toestel aan is.

Terwyl dit in kragpaarmodus is, is die skerm af en gebruik die toestel baie min krag, maar dit kan onmiddellik vir gebruik aankom.

WENK: Jy kan jou toestel vinniger laai deur dit in kragpaarmodus te plaas terwyl jy die battery laai.

- Om die toestel heeltemal af te skakel, hou die kragtoets in totdat 'n aanporboodskap op die skerm verskyn en kies **Af**. Die aanporboodskap verskyn na vyf sekondes. Indien jy die kragtoets laat los voordat die aanporboodskap verskyn, gaan die toestel kragpaarmodus binne.

Verkry GPS-seine

Wanneer jy jou navigasietoestel aanskakel, moet die GPS-ontvanger satellietdata versamel en die huidige ligging vasstel.  in die statusbalk dui die satellietseinstrekte aan. Die tyd wat benodig word om satellietseine op te spoor, wissel op grond van verskeie faktore, waaronder hoe ver jy van die ligging is waar jy laas jou navigasietoestel gebruik het, of jy die lug duidelik kan

sien, en hoe lank dit was sedert jy laas jou navigasietoestel gebruik het. Die eerste keer wat jy jou navigasietoestel aanskakel, kan dit etlike minute neem om satellietseine op te spoor.

- 1 Skakel die toestel aan.
- 2 Wag terwyl die toestel satelliete opspoor.
- 3 Indien nodig, gaan buitenshuis na 'n oop area, weg van hoë geboue en bome.

Wanneer  groen raak, het die toestel satellietseine opgespoor en is dit gereed vir navigasie.

Statusbalk-ikone

Die statusbalk sit bo-aan die hoofkieslys. Die statusbalk-ikone vertoon inligting oor kenmerke op die toestel. Jy kan sommige ikone kies om instellings te verander of om bykomende inligting te sien.

	GPS-seinstatus. Hou in om GPS-akkuraatheid en opgespoorde satellietinligting te sien (<i>Besigtig GPS-seinstatus, bladsy 24</i>).
	Bluetooth tegnologiestatus. Kies om die Bluetooth stellings (<i>Bluetooth Instellings, bladsy 21</i>).
	Gekoppel aan vryhandoproep. Kies om 'n oproep te maak (<i>Vryhand-oproepdoen, bladsy 16</i>).
	Aktiewe voertuigprofiel. Kies om die voertuigprofielinstellings te sien.
	Huidige tyd. Kies om die tyd te stel (<i>Instel van die Tyd, bladsy 21</i>).
	Battery-laaivlak.
	Gekoppel aan die Smartphone Link toepassing. Kies om gekoppelde toestel en subskripsie-inligting te sien (<i>Paar jou Foon en Kopstuk, bladsy 14</i>).
	Temperatuur. Kies om die weervoorspelling te sien (<i>Sien die weervoorspelling, bladsy 20</i>).
	Brandstofstatus. Kies om die brandstofkontrole-inligting te sien.

Gebruik die Op-skerm-knoppiess

Op-skerm-knoppiess laat jou toe om deur die bladsye, kieslyste en kieslysoopsies op jou toestel te navigeer.

- Kies  om na die vorige kieslysskerm terug te keer.
- Hou  in om vinnig na die hoofkieslys terug te keer.
- Kies  of  om deur lyste of kieslyste te rol.
- Hou  of  in om vinniger te rol.
- Kies  om 'n konteksgebaseerde kieslys van opsies vir die huidige skerm te sien.

Verstel tans die volume

Voordat jy die volume kan verstel, moet jy jou toestel aan 'n montering met krag koppel of aan 'n kopstuk met gebruik van Bluetooth koordlose tegnologie.

- 1 Kies **Volume**.
- 2 Kies 'n opsie:
 - Gebruik die glybalk om die volume te verstel.
 - Kies  om die toestel te demp.
 - Kies  vir bykomende opsies.

Verstelling van Skermhelderheid

- 1 Kies **Instellings > Vertoon > Helderheid**.
- 2 Gebruik die glybalk om die helderheid te verstel.

Vervoermodus

Roetebeplanning en navigasie word verskillend bereken op grond van jou vervoermodus. Die huidige vervoermodus word deur 'n ikoon in die statusbalk aangedui.

	Motorvoertuigmodus
	Motorfietsmodus
	Veldlangmodus

Kies tans 'n vervoermodus

Kies .

Met gebruik van die Op-skerm Toetsbord

Sien "Taal- en Toetsbordinstellings" om die toetsborduitleg te verander (*Taal- en Toetsbordinstellings, bladsy 21*).

- Kies  om 'n soekinskrywing te skrap.
- Kies  om 'n karakter te skrap.
- Kies  om die toetsbordtaalmodus te verander.
- Kies  om spesiale karakters in te voer, soos leestekens.
- Kies  om karakterkapitalisering te verander.

Gebruik van die Grootknop-toetsbord

Jy kan bykomende toetsbordtale of -uitelegte in die taal- en toetsbordinstellings aktiveer (*Taal- en Toetsbordinstellings, bladsy 21*).

- Kies  of  om meer karakters te sien.
- Kies  om na ander toetsbordtale en -uitelegte oor te skakel.

Ryerbewustheidskenmerke en -waarskuwings

KENNISGEWING

Die ryerwaarskuwings en spoedgrenskenmerke is slegs ter inligting en vervang nie jou verantwoordelikheid om alle gegewe spoedgrenstekens na te kom en om te alle tye veilige bestuursoordeel te gebruik nie. Garmin is nie verantwoordelik vir enige verkeersboetes of dagvaardings wat jy ontvang vir versuim om alle toepaslike verkeerswette en -tekens na te kom nie.

Jou toestel bied kenmerke wat kan help om veiliger ry aan te moedig en doeltreffendheid te verhoog, selfs wanneer jy in 'n bekende area ry. Die toestel speel 'n hoorbare klank of boodskap en vertoon inligting vir elke waarskuwing. Jy kan die hoorbare toon of boodskap vir elke soort waarskuwing ontsper of versper. Nie alle waarskuwings is in alle gebiede beskikbaar nie.

Skoolterrein of nabygeleë skool: Die toestel speel 'n klank en vertoon die afstand na en spoedgrens (indien beskikbaar) vir 'n naderende skool of skoolterrein.

Spoedgrensvermindering: Die toestel speel 'n klank en vertoon die naderende verminderde spoedgrens sodat jy voorbereid kan wees om jou spoed te verminder.

Spoedgrensoorskryding: Die toestel speel 'n klank en vertoon 'n rooi rand om die spoedgrensikon wanneer jy die gegewe spoedgrens vir die huidige pad oorskry.

Spooroorgang: Die toestel speel 'n klank en vertoon die afstand na 'n naderende spooroorgang.

Diereoorgang: Die toestel speel 'n klank en vertoon die afstand na 'n naderende diereoorgang.

Draai: Die toestel speel 'n klank en vertoon die afstand na 'n draai in die pad.

Stadiger verkeer: Die toestel speel 'n klank en vertoon die afstand na stadiger verkeer wanneer jy teen 'n hoër spoed stadiger verkeer nader. Jou toestel moet verkeersinligting ontvang om hierdie kenmerk te kan gebruik (*Ontvang Verkeersdata Met Gebruik Van Smartphone Link, bladsy 17*).

Uitputtingswaarskuwing: Die toestel speel 'n klank en stel naderende stilhouplekke voor nadat jy vir meer as twee uur bestuur het sonder om te stop.

Ontspoor of Versper van Ryerwaarskuwings

Jy kan individuele hoorbare ryerwaarskuwings afskakel. Visuele waarskuwings verskyn selfs wanneer die hoorbare waarskuwing gedeaktiveer is.

- 1 Kies **Instellings > Kaart & Voertuig > Hoorbare ryerwaarskuwings**.
- 2 Kies of ontkies die merkblokkie langs elke waarskuwing.

Rooilig- en Spoedkameras

KENNISGEWING

Garmin is nie verantwoordelik vir die akkuraatheid of gevolge van die gebruik van 'n rooilig- of spoedkameradatabasis nie.

LET WEL: Hierdie kenmerk is nie vir alle streke of produkmodelle beskikbaar nie.

Inligting oor rooilig- en spoedkameraliggings is in sommige areas vir sekere produkmodelle beskikbaar. Besoek garmin.com/speedcameras om beskikbaarheid en versoenbaarheid na te gaan, of om 'n intekening of eenmalige bywerking te koop. Jy kan te eniger tyd 'n nuwe streek koop of 'n bestaande intekening verleng.

Jy kan mygarmin.com besoek om die kameradatabasis op jou toestel by te werk. Jy moet jou toestel gereeld bywerk om die jongste kamera-inligting te ontvang.

Vir sekere toestelle en streke, kan basiese rooilig- of spoedkameradata by jou toestel ingesluit word. Ingeslote data sluit nie bywerkings of 'n intekening in nie.

Besigtig Kennisgewings vir die Valhelmwet

Kennisgewings oor die valhelmwet en oogbeskerming kan op jou toestel van zūmo verskyn wanneer jou toestel die eerste keer satelliete verkry en wanneer jou toestel 'n ligging nader waar daar motorfiets-veiligheidsreëls is.

KENNISGEWING

Garmin beveel aan dat alle ryers vir veiligheid valhelms dra. Valhelmwetkennisgewings is slegs vir verwysing, is onderhewig aan verandering en word nie bedoel om as regsadvies beskou te word nie. Valhelmwetkennisgewings is slegs in die VSA en Kanada beskikbaar.

Kies die kennisgewing om meer besonderhede te sien.

Soek na Valhelmwette

Jy kan volgens staat of provinsie na valhelmwette soek.

- 1 Kies **Toepassings > Valhelmgids**.
- 2 Kies 'n staat of provinsie.

Navigeer na Jou Bestemming

Roetes

'n Roete is 'n pad vanaf jou huidige ligging na een of meer bestemmings.

- Die toestel bereken 'n aanbevole roete na jou bestemming op grond van die voorkeure wat jy stel, waaronder die roeteberekeningsmodus (**Verander die Roeteberekeningsmodus**, bladsy 5) en vermydings (**Vermyn Veragings, Tolgeld en Gebiede**, bladsy 8).
- Die toestel kan outomaties paaie vermy wat nie geskik is vir die aktiewe voertuigprofiel nie.

- Jy kan begin om vinnig na jou bestemming te navigeer met die aanbevole roete, of jy kan 'n alternatiewe roete kies (**Begin 'n Roete**, bladsy 5).
- Indien daar spesifieke paaie is wat jy moet gebruik of vermy, kan jy die roete pasmaak (**Vorm Jou Roete**, bladsy 7).
- Jy kan veelvuldige bestemmings by 'n roete voeg (**Byvoeg van 'n Ligging op Jou Roete**, bladsy 6).

Begin 'n Roete

- 1 Kies **Waarheen?** en soek na 'n ligging (**Vind en Berg Liggings**, bladsy 9).
- 2 Kies 'n ligging.
- 3 Kies **Gaan!**.
- 4 Kies 'n opsie:
 - Om met die aanbevole roete te begin navigeer, kies **Gaan!**.
 - Om 'n alternatiewe roete te kies, kies **Y** en kies 'n roete. Alternatiewe roetes verskyn regs van die kaart.
 - Om die roete te wysig, kies **Y > Wysig roete** en voeg vormpunte by die roete (**Vorm Jou Roete**, bladsy 7).

Die toestel bereken 'n roete na die ligging en lei jou deur stemaanporboodskappe en inligting op die kaart te gebruik (**Jou Roete op die Kaart**, bladsy 6). 'n Voorskou van die hoofpaaie op jou roete verskyn vir etlike sekondes op die rand van die kaart.

As jy by addisionele bestemmings moet stop, kan jy die liggings by jou roete voeg (**Byvoeg van 'n Ligging op Jou Roete**, bladsy 6).

Verander die Roeteberekeningsmodus

- 1 Kies **Instellings > Navigasie > Berekeningsmodus**.
- 2 Kies 'n opsie:
 - Kies **Vinniger Tyd** om roetes te bereken wat vinniger is om te ry, maar afstandsgewys langer kan wees.
 - Kies **Waaghalsige Roete** om roetes te bereken wat kronkelrige paaie verkies.
 - Kies **Veldlans** om punt-tot-punt-roetes (sonder paaie) te bereken.
 - Kies **Korter Afstand** om roetes te bereken wat afstandsgewys korter is, maar wat langer kan neem om te ry.

Neem 'n Roete Wat Avontuurlustige Paaie gebruik

Jou toestel kan roetes bereken wat kronkelrige paaie, heuwels en minder hoofweë verkies. Hierdie kenmerk kan 'n meer aangename rit verskaf, maar dit kan die tyd of afstand na jou bestemming vermeerder.

LET WEL: Hierdie kenmerk is nie op alle toestelmodelle of vir alle kaartstreke beskikbaar nie.

- 1 Kies **Instellings > Navigasie > Berekeningsmodus > Waaghalsige Roete > Berg**.
- 2 Kies **Waaghalsige Roete-instellings**.
- 3 Gebruik die  glybalk om meer of minder draaie in te sluit.
- 4 Gebruik die  glybalk om meer of minder heuwels in te sluit.
- 5 Gebruik die  glybalk om meer of minder hoofweë in te sluit.
- 6 Begin 'n roete (**Begin 'n Roete**, bladsy 5).

Skep 'n roete vir 'n heen-en-weer-rit

Die toestel kan 'n roete vir 'n heen-en-weer-rit skep met gebruik van 'n gespesifiseerde beginligging en 'n afstand, duur of bestemming.

- 1 Kies vanaf die tuis skerm **Toepassings > Heen-en-weer-rit**.
- 2 Kies **Beginligging**.
- 3 Kies 'n ligging en kies **Kies**.

4 Kies **Rit-kenmerke**.

5 Kies 'n opsie:

- Kies **Kies 'n afstand** om jou roete volgens afstand te beplan.
- Kies **Kies duur** om jou roete op grond van tyd te beplan.
- Kies **Kies 'n bestemming** om jou roete op grond van 'n gespesifiseerde ligging te beplan.

6 Voer 'n afstand, duur of bestemming in.

7 Kies 'n opsie:

- Indien jy 'n afstand of duur ingevoer het, kies **Gedoen > Bereken**.
- Indien jy 'n bestemming gekies het, kies **Kies**.

8 Kies 'n roete en kies **Gaan!**.

Gebruik die Kaart om 'n Roete te Begin

Jy kan 'n roete begin deur 'n ligging vanaf die kaart te kies.

1 Kies **Beskou Kaart**.

2 Sleep en zoem die kaart om die area vir soek te vertoon.

3 Indien nodig, kies **Q** om die belangepunte wat vertoon word, volgens kategorie te filtreer.

Liggingmerkers (📍 of 'n blou kol) verskyn op die kaart.

4 Kies 'n opsie:

- Kies 'n liggingmerker.
- Kies 'n punt, soos 'n straat, kruising of adresligging.

5 Kies **Gaan!**.

Gaan Huis toe

Die eerste keer wat jy met 'n roete huis toe begin, por die toestel jou aan om jou huisligging in te voer.

1 Kies **Waarheen? > Gaan Huis toe**.

2 Indien nodig, voer jou huisligging in.


Wysig Jou Huisligging

1 Kies **Waarheen? > ≡ > Stel Huisligging**.

2 Voer jou huisligging in.

Jou Roete op die Kaart

Soos jy reis, lei die toestel jou na jou bestemming deur stemaanporboodskappe en inligting op die kaart. Instruksies vir jou volgende draai of afdraai, of ander handelings, verskyn oor die breedte van die kaart se bokant.




①	Volgende handeling op die roete. Dui die volgende draai, afdraai, of ander handeling aan en die baan waarin jy moet reis, indien beskikbaar.
②	Afstand na die volgende handeling.
③	Naam van die straat of afdraai wat met die volgende handeling geassosieer word.
④	Roete uitgelig op die kaart.
⑤	Volgende handeling op die roete. Pyle op die kaart dui die ligging van naderende handelinge aan.

⑥	Voertuigspoed.
⑦	Naam van die pad waarop jy reis.
⑧	Verwagte aankomstyd. WENK: Jy kan hierdie veld aanraak om die inligting te verander wat dit aandui (<i>Verander die Kaartdatafeld, bladsy 13</i>).

Aktiewe baanleiding

Soos wat jy 'n draai nader terwyl jy 'n roete navigeer, verskyn 'n gedetailleerde simulatie van die pad langs die kaart, indien beskikbaar. 'n Gekleurde lyn ① dui die regte baan vir die draai aan.



Bekyk Draaie en Aanwysings

Terwyl jy op 'n roete navigeer, kan jy naderende draaie, baanwisselings, of ander aanwysings vir jou roete bekyk.

1 Vanaf die kaart, kies 'n opsie:

- Om naderende draaie en aanwysings te bekyk soos jy navigeer, kies **📍 > Draaie**.

Die kaart hulpmiddel vertoon die volgende vier draaie of aanwysings langs die kaart. Die lys dateer outomaties op soos jy op die roete navigeer.

- Om die volledige lys van draaie en aanwysings vir die hele roete te bekyk, kies die teksbalk bo aan die kaart.

2 Kies 'n draai of aanwysing (opsioneel).

Gedetailleerde inligting verskyn. 'n Afbeelding van die aansluiting kan verskyn vir aansluitings op hoofpaaie, indien beskikbaar.

Besigtiging van die Volledige Roete op die Kaart

1 Kies enige plek op die kaart terwyl jy 'n roete navigeer.

2 Kies **📍**.

Byvoeg van 'n Ligging op Jou Roete

Voordat jy 'n ligging by jou roete kan voeg, moet jy op 'n roete navigeer (*Begin 'n Roete, bladsy 5*).

Jy kan liggings by die middel of einde van jou roete byvoeg. Jy kan byvoorbeeld 'n vulstasie as die volgende bestemming op jou roete byvoeg.

WENK: Om komplekse roetes met veelvuldige bestemmings of geskeduleerde stoppe te skep, kan jy die ritbeplanner gebruik om jou reis te beplan, te skeduleer en te berg (*Beplan 'n Rit, bladsy 7*).

1 Vanaf die kaart, kies **📍 > Waarheen?**.

2 Soek 'n ligging (*Vind en Berg Liggings, bladsy 9*).

3 Kies 'n ligging.

4 Kies **Gaan!**.

5 Kies 'n opsie:

- Om die ligging as die volgende bestemming op jou roete by te voeg, kies **Voeg as Vlg. Stop by**.
- Om die ligging by die einde van jou roete te voeg, kies **Voeg as Laaste Stop by**.
- Om die ligging by te voeg en die volgorde van bestemmings op jou roete te wysig, kies **Voeg by Aktiewe Roete**.

Jou toestel herbereken die roete om die bygevoegde ligging in te sluit, en lei jou in volgorde na die bestemmings.

Vorm Jou Roete

Voordat jy jou roete kan vorm, moet jy 'n roete begin (*Begin 'n Roete*, bladsy 5).

Jy kan jou roete met die hand vorm om die verloop daarvan te verander. Dit stel jou in staat om die roete 'n sekere pad te laat gebruik of deur 'n sekere gebied te laat gaan, sonder om 'n bestemming by die roete te voeg.

1 Raak aan enige plek op die kaart.

2 Kies .

Die toestel gaan in roetevormmodus in.

3 Kies 'n ligging op die kaart.

WENK: Jy kan  kies om in te zoem op die kaart en 'n meer presiese ligging kies.

Die toestel herbereken die roete om deur die gekose ligging te reis.

4 Indien nodig, kies 'n opsie:

- Kies addisionele liggings op die kaart om nog vormpunte by die roete te voeg.
- Om 'n vormpunt te verwyder, kies .

5 Wanneer jy die roete klaar gevorm het, kies **Gaan!**.

Gebruik 'n Ompad

Jy kan 'n ompad vir 'n gespesifiseerde afstand op jou roete neem of 'n ompad om spesifieke paaie. Dit is nuttig indien jy bousones, geslote paaie, of swak padtoestande teëkom.

1 Vanaf die kaart, kies  > **Verander roete**.

WENK: Indien die Verander roete-hulpmiddel nie in die kaarthulpmiddelkieslys is nie, kan jy dit byvoeg (*Ontspers Kaartnuttigmiddels*, bladsy 12).

2 Kies 'n opsie:

- Om vir 'n spesifieke afstand 'n ompad op jou roete te neem, kies **Ompad volgens afstand**.
- Om 'n ompad rondom 'n spesifieke pad op die roete te neem, kies **Ompad volgens pad**.
- Kies **Ompad** om 'n nuwe roete te kies.

Stop Tans die Roete

Vanaf die kaart, kies  > **Stop**.

Ritbeplanner

Jy kan die ritbeplanner gebruik vir die skepping en berging van 'n rit, wat jy later kan navigeer. Dit kan nuttig wees om 'n afleweringsroete, vakansie of padrit te beplan. Jy kan 'n gebergde rit wysig om dit verder te verpersoonlik, inbegrepe die herordening van liggings, optimalisering van die stopvolgorde en die byvoeging van skedule-inligting en vormpunte.

Jy kan die ritbeplanner ook gebruik om jou aktiewe roete te wysig en te berg.

Beplan 'n Rit

'n Rit kan baie bestemmings insluit en moet ten minste 'n beginligging en een bestemming insluit. Die beginligging is die ligging van waar jy beplan om jou rit te begin. As jy die rit vanaf 'n ander ligging begin navigeer, gee die toestel jou die opsie om die roete eers na jou beginligging te beplan. Vir 'n retoerrit kan die beginligging en finale bestemming dieselfde wees.

1 Kies **Toepassings > Ritbeplanner >  > Skep rit**.

2 Kies **Kies beginligging**.

3 Kies 'n ligging vir jou beginpunt en kies **Kies**.

4 Kies **Kies Bestemming**.

5 Kies 'n ligging vir 'n bestemming en kies **Kies**.

6 Kies **Voeg Ligging by** om meer liggings by te voeg (opsioneel).

7 Nadat jy al die nodige liggings bygevoeg het, kies **Volgende > Berg**.

8 Voer 'n naam in en kies **Gedoen**.

Navigeer na 'n Gebergde Rit

1 Kies **Toepassings > Ritbeplanner**.

2 Kies 'n gebergde rit.

3 Kies **Gaan!**.

4 Kies die eerste ligging om na te navigeer en kies **Wegspring**.

Die toestel bereken 'n roete vanaf jou huidige ligging na die gekose ligging en lei jou dan in volgorde na die oorblywende ritbestemmings.

Optimaliseer die Bestemmingsvolgorde op 'n Rit

Die toestel kan bestemmings se volgorde op jou rit outomaties optimaliseer om 'n korter, doeltreffender roete te skep. Die beginligging en finale bestemming word nie verander as jy die volgorde optimaliseer nie.

Terwyl jy 'n rit wysig, kies  > **Optimaliseer roete**.

Wysig en Herorden Liggings in 'n Rit

1 Kies **Toepassings > Ritbeplanner**.

2 Kies 'n gebergde rit.

3 Kies 'n ligging.

4 Kies 'n opsie:

- Om die ligging op of af te beweeg, kies  en sleep die ligging na 'n nuwe posisie op die rit.
- Om 'n nuwe ligging ná die gekose ligging te voeg, kies .
- Om die ligging te verwyder, kies .

Wysig en Berg Jou Aktiewe Roete

As 'n roete aktief is, kan jy die ritbeplanner gebruik om jou roete as 'n rit te wysig en te berg.

1 Kies **Toepassings > Ritbeplanner > My Aktiewe Roete**.

2 Wysig jou roete deur enige van die ritbeplanner-kenmerke te gebruik.

Die roete herbereken elke keer wanneer jy 'n verandering maak.

3 Kies **Berg** om jou roete te berg as 'n rit, wat jy later weer kan navigeer (opsioneel).

Verander Roete-opsies vir 'n Rit

Jy kan die manier waarop die toestel die roete bereken, pasmaak wanneer jy jou rit begin.

1 Kies **Toepassings > Ritbeplanner**.

2 Kies 'n gebergde rit.

3 Kies die voertuigprofiel-ikoon en kies die voertuig wat jy beplan om te gebruik terwyl jy die rit navigeer (opsioneel).

4 Kies  > **Ritinstellings**.

5 Kies 'n opsie:

- Om vormpunte by jou rit te voeg, kies **Vorm Roete** en volg die instruksies op die skerm (*Vorm Jou Roete*, bladsy 7).
- Om die berekeningsmodus vir die rit te verander, kies **Roetevoorkeur** (*Verander die Roeteberekeningsmodus*, bladsy 5).

Wanneer jy begin om die rit te navigeer, skakel die toestel outomaties oor na die gekose voertuigprofiel.

Skeduleer 'n Rit

Jy kan skedule-inligting by elke ligging in jou rit voeg, inbegrepe die gewenste aankomstyd en vertoefyd by elke ligging. Dit kan

jou help om jou vertrek só te beplan dat jy liggings op jou rit betyds bereik.

1 Kies Toepassings > Ritbeplanner.

2 Kies 'n rit.

3 Kies  > Ritinstellings > Wysig Skedule.

4 Kies 'n ligging en volg die instruksies op die skerm om die skedule-inligting in te voer.

WENK: As jy veelvuldige liggings op jou rit moet skeduleer, moet jy begin by die rit se begin, en na die einde toe werk.

5 Herhaal stap 4 om skedule-inligting vir aanvullende liggings in te voer.

6 Wanneer jy klaar is, kies Berg.

Om jou stoppe en bestemmings op die geskeduleerde tyd te bereik, moet jy die tyd vertrek wat onder die beginpunt gewys word wanneer jy die rit navigeer. Die skedule is net 'n beraming. Verkeers toestande, konstruksie en ander vertragings kan dalk jou werklike aankomstye beïnvloed.

Deel Ritte

Jy kan ritte met versoenbare Garmin toestelle deel met gebruik van Bluetooth se koordlose tegnologie.

1 Plaas jou toestel binne 33 vt. (10 m) van 'n versoenbare Garmin toestel.

2 Kies **Toepassings > Ritbeplanner >  > Deel > Bluetooth.**

3 Kies 'n rit en kies **Gedoen**.

4 Kies 'n toestel uit die lys en kies **Goed**.

Gebruik Voorgestelde Roetes

Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik moet jy ten minste een ligging berg en die reisgeskiedeniskenmerk ontsper (*Toestel- en privaatheidsinstellings*, bladsy 21).

Met gebruik van die myTrends™ kenmerk voorspel jou toestel jou bestemming op grond van jou reisgeskiedenis, die dag van die week, en die tyd van die dag. Nadat jy 'n paar keer na 'n gebergde ligging gery het, kan die ligging moontlik in die navigasiebalk op die kaart verskyn, tesame met die beraamde reistyd en verkeersinligting.

Kies die navigasiebalk om 'n voorgestelde roete na die ligging te sien.

Vermý Verdragings, Tolgeld en Gebiede

Vermý Verkeersverdragings op Jou Roete

Vóór jy verkeersverdragings kan vermý, moet jy verkeersinligting ontvang (*Ontvang Verkeersdata Met Gebruik Van Smartphone Link*, bladsy 17).

Die toestel optimaliseer jou roete by verstek om outomaties verkeersverdragings te vermý. As jy hierdie opsie versper het in die verkeersinstellings (*Verkeersinstellings*, bladsy 21), kan jy verkeersverdragings met die hand besigtig en vermý.

1 Terwyl jy 'n roete navigeer, kies  > **Verkeer**.

2 Kies **Alternatiewe Roete**, indien beskikbaar.

3 Kies **Gaan!**.

Vermý Tolpaaie

Jou toestel kan jou roete só bepaal dat jy gebiede vermý wat tolgelde vereis, soos tolpaaie, tolbrûe, of gebiede van opeenhoping. Die toestel kan steeds 'n tolgebied by jou roete insluit indien geen ander redelike roetes beskikbaar is nie.

1 Kies **Instellings > Navigasie**.

2 Kies 'n opsie:

LET WEL: Die kieslys verander op grond van jou area en die kaartdata op jou toestel.

- Kies **Tolpaaie**.
- Kies **Tolgeld en Fooie > Tolpaaie**.

3 Kies 'n opsie:

- Om elke keer gevra te word voordat 'n roete deur 'n tolgebied beplan word, kies **Vra Altyd**.
- Om altyd tolgelde te vermý, kies **Vermý**.
- Om altyd tolgelde toe te laat, kies **Laat toe**.

4 Kies **Berg**.

Vermý tolplakkers

LET WEL: Hierdie kenmerk is nie in alle areas beskikbaar nie.

Die kaartdata op jou toestel kan moontlik gedetailleerde inligting oor tolplakkers bevat vir sekere lande. Jy kan tolplakkers vir elke land vermý of toelaat.

1 Kies **Instellings > Navigasie > Tolgeld en Fooie > Tolplakkers**.

2 Kies 'n land.

3 Kies 'n opsie:

- Om elke keer gevra te word voordat jou roete deur 'n tolgebied beplan word, kies **Vra Altyd**.
- Om altyd tolgelde te vermý, kies **Vermý**.
- Om altyd tolgelde toe te laat, kies **Laat toe**.

4 Kies **Berg**.

Vermý Padkenmerke

1 Kies **Instellings > Navigasie > Vermýdings**.

2 Kies die padkenmerke om op jou roetes te vermý, en kies **Berg**.

Selfgekoose Vermýdings

Selfgekoose vermýdings laat jou toe om spesifieke areas of padgedeeltes te kies om te vermý. Wanneer die toestel 'n roete bereken, vermý dit hierdie areas en paaie tensy geen ander redelike roete beskikbaar is nie.

Vermýding van 'n Pad

1 Kies **Instellings > Navigasie > Selfgekoose Vermýdings**.

